



South African Wood Preservers Association

Geagte Lede

OMGEWINGSAKE – INSPEKSIES EN KENNISGEWINGS

Daar is al 'n paar bekommernisse geuiter oor die inspeksies deur plaaslike en nasionale beamptes van omgewingsake, asook die daaropvolgende kennisgewings van nievoldoening en die verwagte remediërende of korrektiewe aksies. Alhoewel SAWPA slegs enkele kennisgewings gesien het, is daar terugvoer uit die bedryf van skynbaar onrealistiese en onbillike korrektiewe aksies deur die departement. Na konsultasie met die SAWPA Uitvoerende Komitee en Chemiese Forum is daar besluit dat SAWPA verder ondersoek sal instel deur inligting in te samel van lede, waarna die inligting opgesom sal word om 'n idee te kry van die omvang en skaal van die bevindinge en verwagte remediëring. Sodra ons dan 'n duideliker begrip het van die verskillende aspekte wat krities is en die grootste bedreiging en potensiële impak kan hê, kan ons die dienste en opinie van 'n kundige omgewingspesialismaatskappy bekom. Verkieslik sal dit iemand wees wat bekend is met die houtverduursamingsbedryf en waarmee ons voorheen saamgewerk het, soos Dr Van Niekerk van INFOTOX.

Ons versoek dus dat lede vir ons afskrifte stuur van enige kennisgewings van nievoldoening van plaaslike of nasionale departement ontvang, sal stuur, asook enige verdere skrywes ontvang wat moontlike korrektiewe stappe uiteensit. U samewerking in die verband word hoog op prys gestel en enige inligting wat ons ontvang van lede sal met die grootste vertroulikheid, en sal slegs met die spesialis konsultant bespreek word.

KCA AANLEGTE EN EMISSIELISENSIES

Gedurende 'n onlangse vergadering met beamptes van die Departement van Omgewingsake is die aangeleentheid rondom lugemissie lisensies by KCA-houtbehandelingsaanlegte finaal tot ruste gebring. Die lugkwaliteitspesialis in die vergadering het dit duidelik gestel dat die bewoording soos weergegee in die gelyste aktiwiteite, spesifiek subkategorie 7.4 wat handel oor anorganiese chemikalieë, onder geen omstandighede misinterpreteer kan word as toepaslik vir KCA-aanlegte nie. Suiwer gebaseer op die feit dat daar geen toevoeging van hitte tydens die proses KCA-behandeling plaasvind nie. Enige persoon wat andersins adviseer moet deur SAWPA na die Nasionale Departement verwys word. SAWPA sal in die verband 'n amptelike skrywe aan lede rig om te raadpleeg indien verdere misinterpretasie deur enige beampte of konsultant voorkom.

ONLANGSE SUKSESSE MET ONWETTIGE BEHANDELAARS

Na verskeie versoeke oor die afgelope paar jare aan die NRVS om op te tree teen onwettige behandelars, en aan ons terug te rapporteer wat die aksie is wat geneem is, het ons uiteindelik verlede week 'n mate van positiewe terugvoer gekry vanaf 'n NRCS-inspekteur verantwoordelik vir die Limpopo-streek. Die terugvoer was spesifiek oor die Tzaneen- en Modadjiskloofarea waar verskeie onwettige aanlegte besoek is en instruksie gegee is om met alle aktiwiteite te stop. Daar is ook gerapporteer dat van die aanlegte wat vroeër besoek is, nie meer bestaan nie. Dit sluit egter nie alle areas in Limpopo in waar onwettige aktiwiteite steeds plaasvind nie, en ook nie areas in KZN en die Oos Kaap wat voorheen deur SAWPA gerapporteer is nie. Die positiewe vooruitsig is dat 'n soortgelyke plan van aksie met opvolgaksies ook in die areas beplan word,

Ons kan verder ook rapporteer dat die kwessie van onwettige behandeling, asook grootskaalse diefstal van hout, wat bydra tot onwettige behandeling, verlede week in die parlementêre portfoliokomitee bespreek is. Ons is dankbaar vir die voorsitter en waarnemende uitvoerende direkteur van die Bosbousektorraad wat die probleem onder die aandag van die komitee gebring het, en vertrou dat dit groter bewuswording en aksie van die betrokke outoriteite sal meebring.

VERSKAFFING VAN SANS-STANDAARDE AAN LEDE

Soos by die streekvergaderings in Maart gemeld, was SAWPA in die proses om te kyk na die moontlikheid om SANS-standaarde as 'n bykomende voordeel aan SAWPA Klas 1-lede te verskaf. Na oorweging het ons tot die besluit gekom om die voordeel te implementeer. Lede moet egter kennis neem dat dit slegs van toepassing sal wees op nuutgepubliseerde standaarde, ingesluit hersienings en wysigings, relevant tot elke lid se spesifieke produklyn waarvoor hy gesertifiseer is. Dit sal ook die onlangse gepubliseerde standaardtoets-metodes, SANS 5993 en SANS 5967, insluit waar van toepassing.

Standaarde wat reeds gepubliseer en dus tans van toepassing is, 2017 en vroeëre weergawes sal nie deel vorm van die proses nie, aangesien aanlegte reeds in besit van die standaard behoort te wees. Vroeëre weergawes van standaarde wat tans van toepassing is, sal wanneer dit gewysig of hersien word, ook onder die skema verskaf word. Die skema werk op die beginsel dat SAWPA 'n multi-gebruikerslisensie vir 'n bepaalde hoeveelheid kopieë van 'n standaard aankoop soos bepaal deur die lede se behoefte. 'n Elektroniese kopie sal dan aan 'n geselekteerde verteenwoordiger by 'n aanleg gestuur word, wat dit sal beheer en versprei na toepaslike persone by die aanleg. Elektroniese kopieë sal met duidelike letters gemerk wees wat aandui "For use by SAWPA members only". As sulks sal enige verspreiding van 'n kopie buite die aanleg as oortreding van kopiereg deur die houer van die standaard gesien word.

Die besparing aan lede sal aansienlik wees aangesien dit teen geen koste vir lede sal wees nie, of ten minste vir so lank as wat SAWPA se finansies die skema kan onderhou. Indien kostes in die toekoms vereis dat ons die besluit in heroorweging moet bring, kan dit beteken dat ons met die skema kan voortgaan maar op die basis dat ons slegs die werklike verlaagde prys per kopie sal moet verhaal. Dit sal steeds 'n wesenlike besparing teweeg bring in teenstelling met as die standaard self aangekoop word. 'n Multi-gebruikerslisensie se koste is gebaseer op 'n glyskaal, wat beteken hoe meer kopieë SAWPA aankoop, hoe laer die koste per kopie. Byvoorbeeld, vir die huidige groep standaarde en die strek van lede wat dit gebruik, sal die besparing enigets van $\pm 30\%$ en meer wees, afhange van die hoeveelheid kopieë per lisensie.

IRG49 KONFERENSIE 'N GROOT SUKSES



SAWPA is trots om te rapporteer dat die RG49-konferensie 'n reuse sukses was in elke opsig, van die konferensie-program tot alle sosiale geleenthede, en daar was verskeie. Die konferensie is deur 158 konferensiegangers van 35 verskillende lande bygewoon, en totale bywoning van 190 mense, as metgeselle bygetel word. Ons het verskeie gelukwense van beide plaaslike en internasionale besoekers ontvang en dit lyk of IRG49 vir 'n aansienlike tydjie in elkeen se gedagtes sal wees. Ek wil graag al die plaaslike ondersteuning, beide konferensiegangers asook borge bedank wat baie bygedra het tot die sukses van die konferensie. Dankie ook aan die individue wat deel gevorm het van die plaaslike reëlingskomitee tydens die konferensie, en laaste maar definitief nie die minste nie, dankie aan Sue vir haar harde werk met al die beplanning en voorbereiding van IRG49. In die woorde van die IRG-W President, Dr Joris Van Acker van die Universiteit van Ghent in België; Die blote feit dat Suid Afrika die konferensie kon aanbied en dit so suksesvol kon doen, het ander lande geïnspireer om hulle hande op te steek en aan te bied

om toekomstige IRG-konferensies aan te bied. Aansoeke is reeds ontvang om tot en met 2023 die konferensie aan te bied. IRG50 sal volgende jaar in Quebec, Kanada, vanaf 12 tot 16 Mei plaasvind, en ons hoop dat IRG49 in Suid Afrika inspirasie was vir meer Suid Afrikaners om toekomstige IRG-konferensies by te woon. Lede wat belangstel om meer te weet oor al die referate en aanbiedings wat gelewer is, kan ons kontak vir 'n lys, waarna u dan kan aanvra vir die spesifieke artikels waarin u belangstel.



(Foto: IRG49 Konferensiegangers)

NUUSBROKKIES

- Die totale aantal besoeke aan die SAWPA webtuiste vir Januarie tot April was 237 812.
- Ons het onlangs 'n nuwe besending produkveiligheidsetikette aangekoop en lede word aangemoedig om van die geleentheid gebruik te maak en die gratis etikette aan te vra en te gebruik.
- Die aangehegte tegniese waarskuwingskenningsgewing is onlangs by die TPCP se jaarlikse simposium vrygestel. Groeiers van eucalyptus word aangeraai om kennis te neem van die bedreiging en om die siekte te rapporteer indien u dit opmerk in u plantasies.
- SAWPA neem weereens deel WoodEx For Africa vanaf 11 tot 13 Julie by Gallagher Konvensie Sentrum in Midrand deel. Die jaar word die Deck and Flooring Expo ook geïnkorporeer om gelyktydig met WoodEx plaas te vind.
- Ons het inligting ontvang van 'n $\pm 2.27\text{m}^3$ aanleg te koop in Bloemfontein. Die aanleg was voorheen gebruik om dekgras onder vakuumdruk met boraat te behandel. Belangstellendes kan vir Bertus Niewenhuis kontak by 082 5588 484 of bertusn@me.com

Groete

BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbrief gemaak is nie.